

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 7

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Uitbundigheid

Dit is 'n woord met 'n mooi klank. In dié woord is daar iets van jeugdige frisheid en dartelende vrolikheid.

Sodra 'n mens die Bybel open, tree jy 'n dawerende wêreld binne. Die heuwels "omgord hulle met gejuig" en die dale "jubel mekaar toe." (Ps. 65). Van die Here word daar gesing: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid." (Ps. 103). Wanneer daar van Jesus Christus gepraat word, vloei daar geweldige woorde uit die mond van die geïnspireerde skrywers. "Met 'n oorweldigende vreugde word die oorfloed van sy liefdevolle genade besing." (Romeine 8:31-39).

Daarby kom die telkens herhaalde refrein: "Verbly julle geliefdes..." In die boek aan die Filippense wesk Paulus die gemeente sestien keer tot hierdie blydschap op en dit terwyl hy as gevangene vir die skavot wag.

Dit is hierdie uitbundige blydschapswens wat ons u wil toebid. Die begin van dié blydschap is dat ons die Here Jesus in al sy werklikheid sal raaksien as die oorheersende gestalte van ons bestaan. Die voortsetting van dié blydschap is die koppeling van ons aan Christus deur die geloof.

Dan is daar die blydschap oor sy liefde vir ons. "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad." Hierdie liefde plaas ons oor na die blydschapsfeer.

Dan sien ons die Lig wat duisternis verjaag.
Ons sien die Herder wat skape roep en versorg.
Ons sien die Oorwinnaar wat alle mag in hande het.
Ons sien die Kruis wat versoening bring tussen God en ons.
Ons sien die Hemelerfenis van ewigdurende feestelikheid.

Ons hou van die blydschap. Geniet in hierdie jaar die blye gekwetter van die voëls, die spontane lag van 'n kind, die warm hart van 'n vriend, die prikkelende krag van humor, maar bly soek na die grondlaag van die diepste blydschap — die oorgegewe geloof in die Here. Die jaar sal seker sy versperrings en uitdagings bring, maar hulle wat uitbundig is in die Here, spring met God oor 'n muur!

W. J. de Klerk

AS JESUS IN MY LEWE INKOM (SLOT)

Op 'n laaste groep mense wil ek u wys. Dit is die mense aan wie Petrus, 'n apostel van Jesus, skryf in sy brief wat in die Bybel opgeneem is. Hierdie mense het Jesus tevore nie geken nie, maar Hy is aan hulle verkondig en hulle het Hom in die geloof aangeneem.

Het dit 'n verandering in hulle lewe teweeggebring? Ja, beslis! Petrus wys hulle op hierdie verandering as hy sê dat hulle gekom het uit die duisternis tot God se wonderbare lig (2:9). So groot soos die verskil tussen die duisternis en die lig is, so groot is die verskil tussen 'n lewe sonder Jesus en 'n lewe met Jesus. Ja, dit is 'n baie groot verandering!

Ek sou u nog baie meer kan vertel van die groot veranderings wat Jesus in 'n mens se lewe teweegbring as Hy daar inkom, maar ek dink hierdie is genoeg om u te laat nadink — as u maar net wil dink!

Tog voel ek dat ek my **plig** sal versuim as ek u nie vertel dat as Jesus in u lewe inkom, u bestemming **na hierdie lewe** ook verander nie.

Sonder Jesus na hierdie lewe — ek het nie woorde om dit aan u te vertel nie. Ek word yskoud en ek ril as ek daaraan dink, maar **met** Jesus na hierdie lewe — ja, my woordeskat is weer te klein om u daarvan te vertel. Ek sal maar net sê wat die Bybel sê: “dit is 'n heerlikheid wat groter is as wat 'n oog gesien, 'n oor gehoor en in die hart van 'n mens ooit opgekom het.”

Ja, Jesus bring onteenseglik 'n groot verandering in 'n mens se lewe as Hy dit binnetree — die lewe hier op aarde en die lewe hiernaof u dit nou wil glo of nie!

P. J. De B.

HOE LANK SAL JY VOORBLY?

Die vlug van God af weg is deur ons moderne mense tot 'n kuns ontwikkel.

Een ding staan vas — 'n mens sal nooit van God kan loskom nie. Die Bybel leer ons dit onomwonde. Vir 'n tyd lank mag dit selfs so lyk, maar in werklikheid is dit nie so nie. (Amos 9:1-4, Ps. 139).

In die mens se vlug sien ons angs vir God. Hierdie angs is 'n direkte gevolg van die sonde. Onbewustelik weet die mens dat dit vir hom op een of ander tyd moet uitloop op 'n ontmoeting met God. In die onderbewuste ontstaan nou 'n vrees vir God wat uiteindelik uitbreek in 'n vlug vir God.

Materialisme

In die lig hiervan is baie verskynsels in die lewe van die hedendaagse mens verklaarbaar. Die mens wat God verwerp, soek al sy heil net in hierdie wêreld. Vandaar die uitbarsting van sinnelousheid en sondediens. Uit die lewe moet net eenvoudig gehaal word wat daaruit te kry is.

Die materialisme vreet soos 'n kanker in die lewe van baie mense. In die aanbidding van die materiële word die mens se tyd, aandag, geld, gawes en talente opgeslurp.

Die lewenshouding van menige, selfs sogenaamde kerkmense, openbaar hierdie dwaasheid. So word die EK en sy belange al god wat van belang is en waarvoor geoffer kan word. Hierdie selfsugtige god duld geen ander mag oor hom nie. As gevolg van die tydelikheid en die verganklikheid van die aardse, word die diens van hierdie god 'n vreesaanjaende diens, want "God" die Ewige, die Skepper, laat Hom nie so maklik van sy EER beroof nie.

Dood aan ooreising

Dit laat my nou onwillekeurig dink aan 'n verhaal wat iemand vertel het. Aan 'n eersugtige en inhalige mens is gesê dat hy die eienaar van baie groot stuk grond kan word — so groot as wat hy van sonop tot sononder kan aftree, maar dan moet hy op 'n bepaalde plek begin en presies weer op die plek eindig. In sy oorywerigheid om die allergrootste te bekom, het hy te laat die dag omgedraai en sou alleen teen die uiterste inspanning weer die beginpunt kon bereik. In sy poging om dit wel te doen, is hy dood aan ooreising. Die verhaal eindig dat die grond wat hy ten slotte nodig gehad het, net groot genoeg was vir sy graf.

Hierdie verhaal herinner ons ook aan die gelykenis van die ryk dwaas.

Van God ontslae

Oënskynlik lyk dit asof die mens baie maklik van God kan loskom. As jy aan 'n kerk behoort, bedank jy net; as jy nog 'n Bybel besit, ignoreer jy dit net; as jy nog 'n gewete besit, skroei jy dit net toe; as jy nog Christelike beginsels besit, skuif jy dit net opsy; as daar enigiets is wat jou nog aan God laat dink, trek jy net 'n dik gordyn daaroor. Siedaar — jy is van God ontslae!

Nou kom die angs. Jy is bang om alleen te wees. Jy moet elke oomblik besig wees. Stilte in enige vorm is skrikwekkend. In die opsig help die radio, televisie, fliek, selfoon en ander vorme van vermaak. God kry jou net nie meer in die hande nie. Jy kom laat en oormoeg in die bed en dit is nog donker, dan is jy op en weg. As die gevaar dreig, dat jy miskien alleen

sal moet wees, help sterk drank en dwelms om jou bewussyn aan te tas. Jy laat net nie toe dat God by jou kan kom nie.

Hoe lank sal jy voorbly?

Hierdie proses van God-ontvlugting neem nou toe in haas en spoed. Die vraag is: Hoe lank sal jy voorbly? Op een of ander tyd kom aan hierdie vlug 'n einde! Te laat kom die besef dat God my insluit van agter en van voor en dat Hy sy hand op my lê.

Is u ook miskien een van die vlugtendes? Wag net so 'n bietjie. Hier is nog iets wat u moet weet. God gaan u inhaal; al maak u ook wat. Al sou u ook beplan om u eie lewe te neem, dit baat u ook nie. U mag sê: maar kan die mens nie anders as om vir die heilige God te vlug nie? Wie durf omdraai vir die ontmoeting, of wie sal in waansin dink dat hy God sal ontmoet en nog hoop het om gered te word? Ek weet die sonde jaag u, maar onthou, God soek u.

Waar is jy?

Ons hoor nog die roep in die paradys; Waar is jy?

In die tuin van Getsemane het ook 'n ontmoeting plaasgevind. Daar het God die MENS ontmoet. Hier het die MENS nie weggekruip of gevlug nie. Die MENS, Jesus Christus, het gaan staan en gekom in die oordeel van God. In u en my plek het Hy Hom laat vind. In Hom het God die mens ontmoet. Die vuur van sy oordeel het op Golgota uitgebrand. Vir die wat by Hom skuil, is daar niks te vrese nie. Wag en Luister! God roep u: "Kom na My toe. Gaan! Daar is vergewing altyd by Hom te vind."

Dit is ook nie vir u te laat nie. Die Kruis neem al ons angs weg. Om God eenmaal buite Christus te ontmoet, sal verskriklik wees. Sy oordeel sal in die hel onuitblusbaar woed.

Moenie uitstel nie. Soek God in sy barmhartigheid — in Jesus Christus — en bid om genade.

L. J. B.

DIE MISLUKTE HUWELIK

Vroeër het ek my man liefgehad. Later het die liefde en haat mekaar afgewissel.

Daar lê 'n swaar stilte tussen ons. Dit het koud en eensaam geword in my hart. Ek is nog jonk en my droom was om altyd 'n vol, gelukkige lewe te hê. Só kan ek nie aangaan nie. Ek het 'n reg om te soek na my geluk. Buitendien pas ons ook nie bymekaar nie. Ons sal mekaar nooit vind nie!

Egskeiding!

Gesonde verstand sê: Nee.

Mense wat solank bymekaar gebly het en lief en leed saam deurgemaak het, is verbind of hulle dit wil weet of nie. Hulle lewe het inmekaar gegroei en saam met hulle is daar kinders, familie en vriende. Na egskeding is jy nie van mekaar ontslae nie. Pynlike situasies sal in die toekoms ontstaan — die skaduwee van die ander een agtervolg jou altyd.

Die Here sê: Nee. Ek onthou nog my opvoeding; al het ek in die laaste jare nie veel rekening met die Here gehou nie. Snaaks dat ek nou, in die aangesig van 'n egskeding, onrustig word oor God. Is my mislukte huwelik nie die oes van my onverskillige lewe die afgelope jare nie? Is dit nie God wat my ingehaal het nie? Sal die egskeding my nie soos 'n magtige boemerang van die hemel terugslaan nie? Moet ek nie liever weer begin bid, kerk toe gaan, Bybel lees en die dominee gaan opsoek nie?

Miskien moet ek liever prakties wees. Ek sal nagaan wat presies verkeerd in ons huwelik is en waar die ontsporings plaasgevind het. Die twee kolomme sal my die antwoord gee: Die skuldlys van my man aan die een kant en my skuldlys aan die ander kant. Ag, hoe dwaas was ek. Ek kon dié kolomme nie gebalanseer kry nie. Ek het ontdek dat ek nie presies kan aanwys waar dit verkeerd gegaan het nie. Dit is 'n kompleks van gebeure wat tot 'n ongelukkige huwelik lei.

Ek het uiteindelik by die dominee uitgekom

Dit het geweldig goed geveer, want ek het die band met die kerk lankal verbreek en ek was bang dat die dominee my 'n lang preek sal gee.

Die dominee het aan my drie dinge gesê:

- **Wees volwasse:** U is nie meer 'n bakvissie nie en 'n saak soos hierdie vra verantwoordelike oorweging, sonder kinderagtige motiewe. U moet reg dink! Die denkwysse mag nie "Ek/Ek" wees nie, maar "Ons". Die huwelik is 'n nuwe eenheid wat meer is as die som van die twee partye.
- **Wees nugter:** Die liefde vir mekaar kan nie in hierdie situasie die punt van bespreking wees nie. Liefde is iets wat lewe en wat daarom versorg en gevoed moet word. Jul liefde is nou ondervoed, verwaarloos, gevries in die ryp van onverskilligheid. Ware huweliksliefde is die vrug en nie noodwendig die voorwaarde vir 'n gelukkige huwelik nie.
- **Gryp na die geloof:** Hierdie is die beginpunt, want geloof beteken om op 'n bepaalde

wyse in die wêreld te staan. Deur die bril van die geloof verander my verhouding tot God, my huwelik, my man en tot myself.

Die geloof ontlee my, sodat ek myself sien as 'n sondaar, 'n skuldenaar wat in selfsug alleen tot my voordeel redeneer.

Die geloof ontdek die ander persoon, my man. Deur die geloof sien ek hom as iemand wat ook alleen is en daarom aanspraak mag maak op my bystand. Die geloof leer my verdraagsaamheid, aanpassing, vergewing en offervaardigheid!

Die geloof open die grondslae van die huwelik as 'n verbintenis van God se wil, 'n roeping om lief te hê en te dien. Die geloof gryp na God as die Heelmeester, die Herskepper wat in dorre doodsbeendere nuwe lewe kan plaas. God — by wie niks onmoontlik is nie en wat die oorgawe en vertrouwe en gehoorsaamheid vra.

Wonderlik dat 'n mens eers deur God bevry moet word om gelukkig getroud te wees.

W. J. de K.

Skryf bokant die Poorte van die Toekoms: ALLES TEN GOEDE

Verskeie wêreldleiers het al deur die jare Nuwejaarsboodskappe die wêreld ingestuur. Sommige leiers het probeer om hul volke moed in te praat vir die toekoms. Ander het openlik verklaar dat daar 'n donker jaar voorlê. Die toonaard van hierdie boodskappe kan gevolglik pessimisties wees, bv. verwysings na voortdurende rassekwessies of moontlike kernoorloë. Die manne wat dié dinge gesê het, weet waarvan hulle praat. As hulle sê die toekoms is grou, dan is dit seker so.

Bokant die Poorte.

Sonder om iets af te doen van die erns van hierdie waarskuwinge wil ons vra: is dit nou die laaste woord? Moet ons hierdie jaar nou deurworstel met die vrees dat hierdie troostelose voorspellings enige oomblik waar kan word?

Het die kerk nie ook 'n stem nie?

Wat sê die kerk?

Wat sê die Bybel — die blye boodskap?

Wat sê Jesus Christus — ons hoogste Profeet?

Kom, ons kyk na een Bybelteks en besef hoe die hele siening oor hierdie donker jaar verlig word:

"Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is." (Rom. 8 : 28). Alles ten goede? Die val van regerings, oorloë en dreigende kernoorloë... dit en soveel meer... alles ten goede?

Ja, u het reg gelees. Dit werk alles ten goede mee vir diegene wat God liefhet.

Met Jesus op Pad.

'n Veel donkerder pad as wat ons ooit kan bewandel, het Jesus, die Seun van God, op aarde betree.

Langs hierdie pad was groter verskrikking Langs hierdie pad was die verskrikking van Getsemane, Golgota... Godverlatenheid en angste van die hel. Hierdie pad het Hy borgtogtelik bewandel vir diegene wat God liefhet, sodat hulle die pad nie meer hoef te bewandel nie en as hulle 'n donker pad moet bewandel, is die angel van helse benoudheid daaruit.

Agter die verskrikking van Golgota was daar die heerlikheid van die hemelse Vaderhuis.

Agter die verskrikking in die wêreld, is daar vir hulle wat God liefhet, dieselfde heerlikheid. So werk alles ten goede mee.

Dit **wens** ons nie maar nie. Dit **hoop** ons nie maar nie Dit **dink** ons nie maar nie.

Dit **weet** ons, sê Paulus!

P.W.B.

DIE DUIWEL GLO OOK!

Het u dit geweet? Die duiwel glo ook dat daar 'n God bestaan. Hy moet dit glo omdat God sy grootste vyand is. Die duiwel weet goed dat hy nie teen 'n windmeul veg wanneer hy met God te doen het nie. Daar is dwase mense wat beweer dat daar geen God is nie, maar die duiwel weet beter.

Wanneer Jesus op die aarde rondwandel, ontmoet Hy meermale mense wat deur die duiwel besete is. Die duiwel het hulle volkome in sy mag. Sodra hierdie mense teenoor Jesus te staan kom, herken die duiwel wat in hulle woon, Hom as die Seun van God. Hy roep dan deur hulle uit: "Wat het ek met u te doen, Jesus, Nasarener? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!"

Dat die duiwel glo dat God bestaan en lewe en werk, is baie duidelik.

Wat glo die duiwel?

Die vraag is: wat glo die duiwel van God?

Ook vir die duiwel is daar net een God; hy glo nie in die werklike bestaan van afgode nie. Natuurlik maak hy handig gebruik van soorte afgode wanneer hy die mense van God en sy diens wil wegtrek, maar hy besef, beter as ons dikwels, dat elke afgod 'n groot, ronde nul is.

God het self gesê dat Hy een is. Deur sy kneg Moses het Hy eeue gelede reeds vir sy volk laat weet: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE." Die heidense volke rondom Israel het almal baie gode gehad, maar vir Israel self was daar net een God. Dié God was en is een.

Dit glo die Christen ook.

Dit glo die Mohammedaan ook.

Dit glo die duiwel ook.

Die Bybel sê dat die duiwel glo dat God een is en hy sidder. Waarom?

Sterker as die duiwel.

Die duiwel weet dat God sterker as hy is en hy weet dat dié God wat sy vyand is, hom eenmaal sal straf en oordeel. Wanneer u, net soos die duiwel, net glo dat daar 'n God is, het u ook rede om bang te wees. God is 'n verterende vuur. Daar is egter 'n moontlikheid waardeur u van die vrees ontslae kan raak, maar dan is dit noodsaaklik dat u meer sal glo as die duiwel.

Glo in Jesus Christus:

Die Bybel leer u wat u nog daarby moet glo. Die Bybel laat u weet dat dieselfde God waarvan u aanneem dat Hy bestaan, deur Jesus Christus u Vader wil wees wanneer u in sy Seun glo as u Verlosser en Saligmaker.

Om in God te glo deur Jesus Christus beteken dat u u sonde voor Hom moet bely en dat u moet aanneem dat Hy u deur die kruis, waaraan sy Seun moes ly, u sonde vergewe het. As u dit waarlik glo, staan u aan die kant van God teen die duiwel. Dan verander u lewe. Dan is daar geen vrees meer vir God nie. In die plek van vrees kom daar dan liefde in u hart vir Hom. Dan is daar 'n nuwe blydskap in u lewe.

Moet u dan nie deur die duiwel laat mislei met 'n geloof wat nie voldoende is nie. Kom na God en na Jesus Christus toe, gelei deur die Heilige Gees. Almal wat met berouvolle harte na Hom toe gaan, sal Hy nooit wegwys nie. Dan kom daar rus en vrede in u hart en dié vrede kan niemand van u wegneem nie... selfs die duiwel nie.

P.G.G. Geertsema

Die hoë hemelrond.
Vertel met blye mond.
Gods heerlijkheid en eer
En, wonderbaar deurglans
Vertel die wye trans
Die werke van die Heer
Die dag roep orals luid
En duisendstemmig uit.
Dié loffelike sprake:
Die nag se stille stap
Meld kunde en wetenskap
Deur al sy donker wake.

VRAAG EN ANTWOORD

Vraag:

"Is er wel ooit bewezen, dat er een god bestaat? Als u ja zegt, dan liegt u. Nu dat is er nooit bewezen. Dat is maar een fabeltje, dat zo uit de mouw gezogen is. Een fabeltje dat als lokaas dienst doet om de mensen tot bekering te roepen.

Adjuus.

Antwoord:

Erger u niet over deze brief, lezer. Deze jongeman wil tenminste praten. Zoals hij schrift, denken er Konderden, zónder te schrijven. En dan vind ik deze brief beschamend voor ons, Christenen. Kunnen wij dan zó weinig duidelijk maken. door pers en radio, dat ons geloof in Jezus Christus ons een feest is? O, ik weet het wel: u kunt tegenover een brief als deze heel wat "teksten en termen" zetten, waardoor u zich van de aanklacht, die tussen de regels dóór te lezen is, afmaakt. Doe dat niet. Vraag u zelf af, of u door uw woord en wandel wel voldoende laat zien, dat het ánders is!

En nu nog iets voor mijn briefschrijver. Je vergisl je, vriend, en diep in je hart wééf je, dat je je vergist. Als het allemanl leugens zijn, waarom wmd je je er dan zo over op ? Het zijn geen leugens en je brief bewijst, dal je er niet los van bent. Ik hoop, dat jouw haat tegen God en tegen de kerk nog eens omzwaait naar liefde. Zal dat nooit gebeuren? Dat hebben er ai zoveel gezegd. Die riepen ook: nooit . . . nooit! En God heeft ze gekregen! Je eindigt met de groet „adjuus". Weet je wat die groet beteken? Dat betekent "Adieu en dat wil zeggen: "a Dieu of: "(Ik beveel u aan) in de hoede van God! Nu, dat doe ik óók en met een biddend hart zeg ik óók tot jou: Adjuus.
(Oorgeneem).

EK GLO... IN GOD OF DARWIN

"Ek word tot U vervoer deur U skoonheid; hemel en aarde sê my van alle kante dat ek U moet bemin. Ek ondervra hulle, en hulle antwoord: Nie ons is u God nie. Soek bo ons. En tot alles roep ek: Sê my tog iets van Hom! Alles antwoord luidkeels: "Hy het ons gemaak!"

Augustinus

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."

Genesis 1

"Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."

Kolossense 1 : 16

"Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde, wat alles wat daarin is uit niks geskape het en wat ook deur Sy ewige raad en voorsienigheid dit nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie per toeval nie, maar uit Sy vaderhand ons toekom. **Heidelbergse Kategismus, Sondag 10**

- Glo u God of glo u wat Darwin, die vader van die ewolusieleer, te sê het?
- Erken u Adam as u voorvader of groet u die sjimpansee as hoof van u geslag ?
- Dink u werklik dat alles 'n aaneenskakeling van toevalligheid is of het u al ingesien dat daar 'n plan is wat in wysheid bestuur?
- U besef sekerlik dat die ooreenkomste tussen plant, dier en mens vanuit die skepping verklaar is. Die blaar van 'n boom, die vin van 'n vis en die hand van 'n mens vertoon een struktuur omdat daar één gedagte, één Skepper, één Vader is wat dikwels dieselfde stempel op alle dele van Sy skepping afdruk. Wat van die radikale verskil tussen mens en dier?
- Die Ewolusie is 'n teorie wat nog nie bewys is nie. Skepping is die openbaring wat sy bewys in God se betroubare Woord het.
- Vanuit die Skepping gaan daar 'n appèl na u uit. God het reg op u. Ons en alle dinge is sy eiendom.

As u vrae het oor skepping en ewolusie, nooi ons u uit om aan ons te skrywe.

W. J. de K.